



IntelGro

intelligent crop solutions

WINTER 2023

IntelGro ensures the future of agriculture

INTEGRATED
Crop Solutions

STEWARDSHIP
and Training

Lasting, trusted
PARTNERSHIPS

Future Focused
SOLUTIONS



INHOUDSOPGAWE

	2
Boodskap van die Besturende Direkteur	3
InteliGro 2023 Konferensies	4
InteliGro se betekenis en doel	5
Visit our new website	6
New appointments and roles	7
Opleidings	8
Sharing Knowledge Tour 2023	8
Intelekt toep	9
TMS onderhoud Gerrie Ludick	10
Intelekt Solutions	11
El Niño at our doorstep	12
ARTIKEL Die rol van biostimulante in droogtetoestande	13
Qula reeks wateroplosbare blaarvoedings	14
Interview The role of the expert Crop Advisor	16
ARTIKEL Die Wortelsone	18
Die Kragspan 2024 voordele	21
TMS onderhoud Andries Stofberg	22
InteliGro Young Guns Suid	23
events BoerToer: Sentraal	24
BoerToer: Verre Noord	25
NAMPO 2023	26
Vrugte Rally: Ceres	27
DNA of InteliGro	28
ARTICLE InteliGro and the StartWell Foundation	29
ARTICLE InteliGro and the CLICK Foundation	31

want ons weet
dit begin op die plaas

boodskap

van die **BESTURENDE
DIREKTEUR**

Gideon Hefer



Die wêreld is steeds deurmekaar met die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, trae internasionale ekonomiese groei en hoë inflasiesyfers wat die hoofopskrifte oorheers. Plaaslik stoei ons voort met beurtkrag, infrastruktuur wat verval, hoë vlakke van werkloosheid en misdaad asook 'n potensiële resessie.

Ons kan egter nie in sak en as sit met dit wat rondom ons gebeur nie. Ten spyte van al die eksterne faktore kan ons nie 'n slagoffer-mentaliteit inneem nie en het ons steeds 'n hele aantal geleenthede om vooruit te gaan en ook 'n positiewe bydrae te maak waar ons werksaam is. Oor die algemeen gesproke bly landbou 'n baie goeie bedryf om in betrokke te wees. Die helfte van die jaar is reeds verby en dit was 'n woelige tyd gewees met nog baie wat tot Desember moet gebeur.

InteliGro het twee uiters suksesvolle streekskonferensies gehou en daar is 'n aantal baie belangrike sake bespreek. Die saamkuier en opvang tussen spanlede wat mekaar min sien was darem ook baie lekker. 'n Klompie van die suide se mense het so bietjie ligter van die konferensie terug gekom... maar gelukkig niks ernstig nie. Hentie Louw was die enigste ongeval in die noorde na 'n slegte val in die spanbousessie maar hy is gelukkig ook weer op die been.

InteliSeed het gedurende April en Mei verkoopsopleiding en streekvergaderings gehou en die span is besig om regtig in 'n formidabele eenheid te ontwikkel. Uitgebreide proewe vir nuwe genetika is besig om tot werklikheid te kom en maak ons baie opgewonde.

Daar het nuwe gesigte by ons aangesluit en ons vertrou dat ons nuwe kollegas baie gelukkig gaan wees en reeds hulle voete gevind het. Ons is bevoorreg dat ons nog 'n geleentheid het om nuwe mense aan te stel met soveel besighede wat regtig swaarkry in die uitdagende tyd waarin ons leef.

Die reën in die suide, al was dit soms te veel, het die winter op 'n positiewe wyse afgeskop en ons vertrou regtig vir 'n goeie kleingraanseisoen. Ons vertrou dat die vrugte- en wingerdseisoen wat so pas afgeskop het ook die winde van agter gaan kry en dat ons kliënte 'n finansiële hupstoot gaan kry na 'n aantal moeilike jare. Ons hou egter die weer vir die somer rygewasse dop met die El Niño-weerverskynsel wat al hoe groter waarskynlikheid word.

Ons fokus vir die jaar “Bou op 'n gesonde fondasie” neem in talle opsigte mooi gestalte aan. Ons is besig om kerndisiplines weer te bekragtig en besigheidsprosesse meer vaartbelyn te maak. In uitdagende tye soos hierdie waarin ons leef, is fokus en dissipline onontbeerlik om die volhoubaarheid van 'n besigheid te verseker.

Kom ons werk saam, bly positief en maak ons besigheid en die wêreld waar ons beweeg 'n beter plek.

Groete,
Gideon



InteliGro SUID Konferensie



Bou op 'n sterk fondasie



InteliGro NOORD Konferensie



HOE hou ons die boer en landbou volhoubaar?

Alles wat ons doen, is om die boer en die landbou volhoubaar te hou, en ons doen dit deur die volgende:

Geïntegreerde Gewasoplossings



Professionele Verhoudings



Rentmeesterskap en Opleiding



Toekomsgerigte Oplossings



Geïntegreerde gewasoplossings:

Om suksesvol te wees benodig jy 'n geïntegreerde benadering tot gewasproduksie wat plantvoeding, gewasbeskerming, biologiese middels, verskeie praktyke, tegniese ondersteuning en meer insluit.

Blywende verhoudings en vertroue:

Ons vat nie kortpad nie, ons stap die hele pad saam met jou. Van grond tot oes, seisoen tot seisoen – reken op IntelliGro se kundige en professionele span.

Rentmeesterskap en opleiding:

Ons verstaan dat ons almal 'n verantwoordelikheid het om na die aarde om te sien, asook na die grond waarop ons boer. Daarom is ons verbind tot ons rentmeesterskaprol, om meer resultate te kry, met minder besoedeling van natuurlike hulpbronne.

Toekomsgerigte oplossings:

Met alles wat vinnig verander en nuwe uitdagings in landbou, onderneem ons om onself en ons produsente voor te berei vir vandag en môre. Dit sluit tegnologie in wat beter besluitneming kan bevorder, en 'n kombinasie van vaardighede wat daarop gemik is om kliënte se ROI (Return on Investment) te verbeter.

WAT behels ons Geïntegreerde Gewasoplossings?



**Volhoubare
Gewasbeskerming**



**Biologiese
Fokus**



**Gespesialiseerde
Plantvoeding**



**Gesertifiseerde
Gewas Adviseurs**

**Ons resultate word
ondersteun deur:**



**Onafhanklike
wetenskaplike data**



**Tegnologiese
Hulpmiddels**

**Ons is KUNDIGES
wat RESULTATE
verskaf deur
ONAFHANKLIKE
WETENSKAPLIKE DATA**

VISIT OUR NEW WEBSITE



A website is an information center about who and what the company is.

This is true and consumers learn more about your business.

It conveys your character, purpose and vision.


Your website builds credibility and authority, and it also helps you differentiate yourself from the competition.

The WHY, HOW and WHAT of IntelGro

WHY is IntelGro here?

The sustainability and the success of our growers are at the core of our business. It is our goal to optimise and protect crops for high quality yields.


HOW do we keep the grower sustainable?



WHAT are the actions we take to get there?



CLICK OR SCAN TO VISIT THE INTELIGRO WEBSITE



NEW appointments & positions



Niel Kruger
Regional Manager
IntelGro: South



Jacques Southey
Financial Manager:
IntelGro



Prieur van der Merwe
Financial Manager (WUSA):
IntelGro & IntelliSeed



Gershwin Williams
Gardener



Lionel van Schalkwyk
Technical Marketing Specialist



Wéan Benadie
Technical Marketing Specialist



Hein Gerber
Technical Marketing Specialist



Ané Loggenberg
Technical Marketing Assistant



Aldo Swanepoel
Technology Assistant



Jandri Nienaber
National Credit Manager



Lesley Minnaar
Business Assistant: North



Johani Luwes
Marketing Assistant: North

OPLEIDING

Die bekende skrywer en motiveringspreker Brian Tracy het gesê *"Continuous learning is the minimum requirement for success in any field."* Hierdie stelling is soveel meer van toepassing op landbou waar vinnige veranderings gedryf word deur nuwe tegnologie, internasionale markvereistes, verhoogde insetkoste en die toenemende druk om hoër opbrengste te realiseer.

InteliGro is bekend vir ons kundigheid. Dit is integraal tot ons waarde-aanbod dat dit so bly, en daarom heg ons enorme erns aan ons opleiding. Ons Tegnieuse Bemaking Spesialiste, in samewerking met hul gewaswerkgroepe, doen deeglike beplanning om te verseker dat relevante onderwerpe saam met die regte sprekers geïdentifiseer word.

InteliGro het besluit dat alle opleiding in persoon bygewoon moet word weens die belangrikheid van vrae en besprekings gedurende die sessies. Die sessies sal dus glad nie meer deur Teams beskikbaar wees nie.

Die meeste opleidingssessies in die Suide is reeds suksesvol voltooi, met die uitsondering van groente opleiding wat einde Julie nasionaal aangebied word, asook 'n paar opleidings in die Noorde wat nog voorlê. InteliGro is toegewy daaraan om te verseker dat ons opleidings relevant, insiggewend en van 'n hoë kwaliteit is. Voortdurende verbeteringe verseker dat ons op die voorpunt in die bedryf bly om die nodige waarde op plaasvlak toe te voeg.



sharing knowledge tour

Following the conclusion of the 2022 Overberg Agri/InteliGro Incentive Scheme to the Southern Cape small grain grower, Overberg Agri and InteliGro will undertake a collaborative tour with the winners to WinField United in America.

This includes visits to the Innovation Center in River Falls, Wisconsin - where growers will have the opportunity to learn more from the Leaders in Application Innovation. It is also here that WinField United has set up the famous Wind Tunnel, where they test droplet deposition under various conditions to determine the most accurate product application. The US team is hosting an Innovation Centre tour and discussions around R&D and products.

Growers will also have the opportunity to meet US growers, agronomists and agri-leaders with whom they can share and gather knowledge to the end of a mutually beneficial purpose. On top of that, the tour includes visits to cooperatives and farms, with a day set aside to visit and specifically focus on a wheat farm.






AG-TECH AND DATA COLLECTION



Intellect het einde 2022 n splinternuwe baadjie aangetrek met die uitsluitlike doel om die gebruikerservaring van die toepassing te verbeter.



Bo en behalwe grafiese verbeteringe is die verpakking van inligting en gebruikersfunksies vergemaklik ten einde navigasie deur die toepassing makliker en vinniger te maak.

Gewas Adviseurs kan in 2023 uitsien na gewas spesifieke aanbevelings. Ons beoog om teen September 2023 die rygewas aanbeveling uit te rol waarna die ander gewasgroepe sal volg. Nog n baie belangrike "must win" vir Intellect in 2023 is die integrering met Business Central.

Die gebruik van tegnologie ten einde operasionele effektiwiteit te verbeter en terselfde tyd risiko's aan te spreek is 'n kern prioriteit vir InteliGro; daarom is daar in twee poste belê om die dag-tot-dag ondersteuning van tegnologie in InteliGro te hanteer. Vir die Noorde is Aldo Swanepoel aangestel om Ebené Oranje, wat ons tydelik bygestaan het, se Intellect verantwoordelikhede te behartig. Aldo sal ook, onder die wakende oog van Jacques Southey, verantwoordelik wees vir die ondersteuning van ander InteliGro tegnologie.

Gebruik jou Intellect, en maak 'n verskil op die plaas!



CP Scheepers, InteliGro Bothaville Gewas Adviseur

Hoe word jy deel van die Intellect span?

Kontak Aldo Swanepoel op 066 470 0725 of per epos AldoS@inteligro.co.za om as 'n nuwe gebruiker te registreer. Navigeer na Google Playstore of Appstore om Intellect af te laai en te installeer. Meld aan met jou InteliGro e-posadres en wagwoord.

Kyk ook na die video's op YouTube wat spesiaal gemaak is vir opleiding oor hoe om die Intellect app te gebruik en verskeie aksies uit te voer.



CLICK OR SCAN TO VISIT THE INTELEKT YOUTUBE PLAYLIST

Die InteliGro TMS-span (Tegniese Bemerkings Spesialis) bestaan uit verskeie rolspelers wat grondwetenskaplikes, tuinboukundiges, landboukundiges en entomoloë insluit. Toegerus met kundigheid maak hul bydraes en ondersteuning aan die InteliGro Gewas Adviseurs 'n noemenswaardige verskil op die plaas.

TMS



In gesprek met Gerrie Ludick

Tegniese Bemerkings Spesialis: Plantbeskerming

Noord-Wes, Wes Vrystaat, Noord Kaap, Botswana en Namibië

Waar kom jou belangstelling in landbou vandaan?

Ek het van kleintyd af eerder gedurende vakansies saam met my oupa met mielies geboer terwyl die familie see toe gegaan het.

Waar is jy as InteliGro TMS betrokke?

Agronomie in rygewasse, ek konsentreer veral op mielies - dit was maar nog altyd my passie! Dit sluit ook gewasbeskerming en plantvoeding in. Verder is ek ook betrokke by Inteliseed opleiding en kultivarseleksies. Ek sien grond, bewerking, genetica en plantvoeding saam as 'n eenheid vir volhoubare gewasproduksie.

Wat bring InteliGro na die produsent en landbou in die algemeen?

Unieke langtermyn oplossings deur kundigheid, persoonlike verhoudings en werklike omgee vir ons produsente, hul families en werkers.

In jou opinie, hoe is InteliGro se ondersteuning t.o.v. die produsent onderskeidend in die mark?

Produsente soek skoon lande en 'n aangename en positiewe ervaring by diensleweraars. Ek is gemaklik met die idee dat die produsent al meer 'n een-stop-diens wil hê. Daarom is die voorbereiding van ons Gewas Adviseurs in agronomie en plantkunde essensieël, en dit is presies waarheen ons op pad is.

Hoe belangrik is dit om kundigheid en professionele dienste te lewer?

InteliGro fokus op langtermyn verhoudings met ons kliënte. Kennis oor boerdery in al sy fasette is maklik bekombaar. Ek neem waar dat kennis nie altyd gepaard gaan met kundigheid nie. Kundigheid het te doen met die toepassing van kennis gerig op resultate op elke plaas en weg te beweeg van "mogge troffe" aanbevelings.

Waarom is dit belangrik vir die gesertifiseerde gewas adviseurs om die CCA-program te volg?

Dis gestruktureerd wat beteken dat elke Gewas Adviseur persoonlike aandag ontvang om sodoende te fokus op groei, dienslewering, professionaliteit en kennis.

Kan jy vir ons 'n voorbeeld gee van wat tans in landbou jou aandag trek?

Wat tans my aandag trek is die groot hoeveelheid produsente wat neig na presiesie-boerdery en ook tegnologie inspan om meer effektief te boer ten midde van al hoe meer uitdagings. Die speelveld waarin graanproduksie wêreldwyd deelneem is 'n moeilike omgewing vir ons Suid-Afrikaanse produsente, en nogtans presteer hulle bo-gemiddeld!

Wat is Suid Afrikaanse landbou se grootste uitdaging en hoe gaan ons dit oorkom?

Die grootste uitdagings is maar altyd klimaat, diefstal en arbeid. Die land se regering moet ophou voetsleep en daadwerklik op sosio-ekonomiese en -maatskaplike areas hul kant bring. Ons produsente en landboubesighede sal sorg vir voedsel.

Watter boodskap sal jy na buite wil dra vir almal in Suid-Afrikaanse landbou?

Eerstens dat ons almal in die bedryf altyd sal onthou dat ons bevoorreg is om in hierdie industrie te kan werk, en tweedens, dat ons die Here én mekaar nodig het.


Klik of skandeer die QR-kode vir die video oor InteliGro se span in die veld. Ons is besigheidsvennote, ons is kundig, ons is ernstig oor wat ons doen - en ons bring resultate!



Ons is KUNDIGES
wat RESULTATE verskaf deur
ONAFHANKLIKE WETENSKAPLIKE DATA



data driven future



InteliGro is in 'n bevoorregte posisie om toegang tot 'n volledige produk portefeulje te hê. Hierdie volledige reeks skep 'n aantal risiko's waarvan die posisionering van die verskeie produkte binne-in 'n program seker die grootste uitdaging is.

Intelekt Solutions is sowat vyf jaar gelede begin juis om hierdie probleem aan te spreek. Dit stel InteliGro in staat om statisties-geverifieerde antwoorde te verskaf en te verseker dat InteliGro die beste tegniese oplossing vir enige probleem kan verskaf.

Tot op hede is die proewe grootliks op kleingrane in die Suide en in die somer rygewasse in die Noorde gedoen.

Waardevolle inligting is reeds ingesamel waarvan die posisionering van mikro-elemente en biostimulante in kleingrane sekerlik een van die program se grootste suksesse is.

Bo en behalwe die in-huis data bied Intelekt Solutions 'n uitstekende platform vir bemaking. Dit het InteliGro gevestig as tegnies-gedrewe kundiges en bevestig ook dat ons teruggee aan die bedryf, en saam met ons verskaffers die plantbeskerming-sowel as plantvoedingindustrie help groei en bevorder.

In 2023 bou InteliGro voort op 2022 se suksesse met die kleingraanproewe wat reeds in die Suid-Kaap en Swartland geplant is. Intelekt Solutions groei vanjaar met verskeie onkruidodderproewe wat ook uitgebrei word na sitrus, kern- en steenvrugte.



The South African agricultural sector is being warned to prepare and plan as the El Niño climate pattern is expected to further develop between June and July in South Africa. El Niño is the warming of sea-surface temperatures in the equatorial Pacific Ocean. It influences atmospheric circulation and, consequently, rainfall and temperature in specific areas around the world. El Niño is the warm phase of the El Niño-Southern Oscillation (Enso) phenomena. As this El Niño cycle looms in southern Africa, agricultural economists warn that if it is intense, it could seriously affect agricultural conditions.

Wandile Sihlobo, the chief economist of the Agricultural Business Chamber of SA (Agbiz), said South Africa had had four seasons of cooling La Niña-induced heavy rains from 2019/20 to 2022/23 that supported agriculture, leading to higher yields across various field crops, fruits and vegetables. However, if El Niño is intense, Sihlobo warned this could resemble the bleak agricultural conditions witnessed during the last El Niño drought in the 2015/16 season (before the Day Zero scenario in Cape Town), where crop yields dropped markedly.

El Niño at our doorstep

by Wandile Sihlobo | Jun 10, 2023 | Agricultural Environment and Natural Resource

South Africa has had four seasons of La Niña induced heavy rains from 2019/20 to 2022/23. These above-normal rains supported agriculture leading to higher yields across various field crops, fruits and vegetables. The livestock industry also benefitted from improved grazing pasture.



Importantly, having four consecutive La Niña seasons was an unusual occurrence. The typical cycles are two seasons of higher rainfall followed by normal-drier seasons. Excluding the current trend, the only other period in the recent past with three successive years of conducive weather conditions and a large crop harvest ran through 2007/08, 2008/09, and 2009/10 production seasons. This period brought a sizeable agricultural yield to the country.

But there is now a shift from a prolonged period of La Niña to El Niño. This weather phenomenon would bring below-normal rainfall and hotter temperatures in South Africa (and across Southern Africa). If it is intense, this could resemble the bleak agricultural conditions we witnessed during the last El Niño drought in the 2015/16 season, where staple crops such as maize dropped to 8,2 million tonnes, well below South Africa's consumption levels of 11,8 million tonnes.

This shortfall necessitated imports of maize to supplement domestic needs. Other field crops, fruits, vegetables and livestock also experienced severe losses.

But I doubt things will be this bad. Also, the soil moisture remains reasonably favourable across South Africa following good rains, which should cushion farmers. Thus, I remain optimistic that the 2023/24 agricultural season in South Africa should be okay, although crop yields could drop considerably from the levels of the past few years.

Die rol van biostimulante in droogtetoestande



Stéfán Steenekamp: IntelGro

Die Suid-Afrikaanse landbou sektor was gedurende die 2022/2023 seisoen deur verskeie faktore getoets, hetsy dit die bogemiddelde reënval in groot dele van die land was, of die konstante beurtkrag wat die industrie op groot skaal gekniehalter het. Die gekombineerde effek van die faktore het 'n betekenisvolle invloed op verskeie gewasse se opbrengs en die kwaliteit daarvan gehad, wat veroorsaak dat die produsente se marges onder geweldige druk geplaas was.

Gewasopbrengs en -kwaliteit word deur verskeie faktore beïnvloed. Onder andere: grondvrugbaarheid, siektes, swamme, insekte, onkruid, temperatuur, humiditeit, sonstraling en waterbesikbaarheid.

Ons bevind onself tans aan die ekstreme kant van die ENSO-siklus, of beter bekend as die La Niña-ossillasie, wat gepaard gaan met hoër reënval en oor die algemeen, natter toestande.

Hoekom is dit belangrik dat produsente hiervan kennis dra?

Ter voorbereiding vir die moontlike droër seisoen wat voorspel word deur weerkundiges, is dit belangrik om voor te berei vir die moontlike implikasies. El Niño is om die draai en daar word voorspel dat dit 'n groot rol kan speel in die volgende groeiseisoen.

Die somerrygewas-boere in die laer reënvalstreke sal die effek eerste voel, met droër toestande en hoër temperature wat aan die orde van die dag kan wees.

Droogtetoestande veroorsaak dat gewasopbrengs en -gesondheid moontlik in gevaar gestel kan word. Onder ekstreme droë toestande, kan die gewas nie genoeg water opneem nie. Verlaagde plant beskikbare water (PBW) in die grond, gepaard met hoë temperature, stimuleer die plant om hulself te beskerm. Dit veroorsaak dat die huidmondjies sluit. Die gevolg hiervan is dat geen gaswisseling of transpirasie plaasvind nie. Dit demp die vervoer van water en voedingselemente tussen die blare en wortels. Die gevolg hiervan is dat fotosintese afneem en dus neem die algehele produktiwiteit van die gewas stelselmatig af.

Wat kan ons ter voorbereiding doen?

Met die wete dat daar moontlik 'n droër periode voorspel word vir die volgende seisoen, is dit belangrik om volhoubare en doeltreffende maatreëls te identifiseer om die stabiliteit van landbou te verseker.

Een van hierdie maatreëls sluit die gebruik van biostimulante in.

Biostimulante is organiese en anorganiese verbindings en/of mikro-organismes wat toegedien word aan gewasse en 'n verskeidenheid van prosesse opwaarts of afwaarts reguleer.


Dit kan lei tot verbeterde groei en produktiwiteit, asook hoër droogtetoleransie en stresshantering.

Wanneer 'n plant behandel is met biostimulante wat blootgestel is aan droogtestres, is daar verskeie voordelige uitkomst. Dit sluit in die bestuur van die huidmondjies wat lei tot hoër water opname, verhoogde fotosintese, beskerming van membrane, verhoogde voedingselement opname, beter groei, en algehele beter stresshantering.

Daar is 'n verskeidenheid biostimulante in die mark wat humiese en fulviese sure, aminosure, seewier en plant ekstrakte, en voordelige fungi en bakterieë insluit. Biostimulante het 'n verskeidenheid funksies soos droogte verdraagsaamheid, plantgroei bevordering, hoë temperatuur verdraagsaamheid, plantbeskermingsrol en verbeterde voedingselement opname en omskakeling.

Biostimulante is 'n handige hulpmiddel wat produsente kan gebruik in tye van droogtestres. Biostimulante moet egter, net soos enige ander landbouprodukt, verantwoordelik gebruik word. Kennis van biostimulante is belangrik, want hulle verskil in hulle manier van werking en kan in baie gevalle gewasspesifiek wees.

Kontak u IntelGro Gewas Adviseur of TMS om u by te staan en 'n multi-dissiplinêre en volhoubare oplossing te bied.



¹ Source: Agricen analysis of market analysts, survey papers on Biostimulants, © 2017

Qula

wateroplosbare blaarvoedings

- Blaarvoeding is die toediening van voedingstowwe, planthormone en groeistimulante tot die blare van plante, waarvandaan dit deur die blare geabsorbeer en verder getranslokeer word.
- Blare is nie werklik toegerus om water en voedingstowwe op te neem nie, maar eerder om plante teen waterverlies asook swam- en ander siekte-aanvalle te beskerm.
- Die waslagie en kutikula op die buitewande bemoeilik die opneembaarheid van voedingstowwe deur blare.
- Elemente in oplossing kan deur krake in die kutikula, trigome, lentiselle en stomata opgeneem word.

Dit is 'n effektiewe metode om vinnig voedingselemente in die plant te kry.

Wanneer word blaarvoedings aanbeveel?

- Vaslegging van elemente deur oorvloed van ander elemente in die grond.
- Te hoë of lae grond pH (elemente ontoeganklik vir wortelopname).
- Spoorelement-aanvulling.
- Droogte- en versuiptoestande (wortels is oneffektief vir opname).
- Verdigting.
- Hoë logingtoestande.
- Beseerde of geïnfekteerde wortelstelsels.
- Temperatuurstres, lae humiditeit, swak lig. Koel tydperke en stadige groei.
- Tydens piekbehoefte vir vinnige respons.

Blaarvoeding is 'n handige hulpmiddel om die plant te help met die opname van voedingstowwe, veral spoorelemente, wanneer die plant onder stres is en wortels nie effektief funksioneer nie. Dit kan egter nooit grond-toegediende kunsmis wat deur die wortels opgeneem word, vervang nie.

InteliGro se spesiaal geformuleerde wateroplosbare blaarvoedingsprodukte lewer 'n oplossing gedurende al die fenologiese stadia van die plant.

Qula
BALLONA
(K7604; N-F 0403)

Qula
PLUTO
(K7610)

Qula
SuperMag
(K9723)

 **InteliGro**
intelligent crop solutions

wateroplosbare blaarvoedings



Qula Ballona is 'n **fosfaat** geformuleerde wateroplosbare blaarvoeding, verryk met spoorelemente.

Ideaal vir gebruik:

As energiebron tydens belangrike fenologiese stadia (wortelgroei, bot, blom, inisiasie, vrugvergroting, ens.).

Tydens abiotiese stresstoestande.

In gevalle waar kaliumvlakke hoog is en fosfaattekorte aangespreek moet word.

g/kg				
N	P	K	Mg	S
80	160	23	54	78

mg/kg					
Cu	Mn	Zn	B	Mo	Fe
90	1300	1500	1384	118	1443



Qula Pluto is 'n **kalium en fosfaat** geformuleerde wateroplosbare blaarvoeding, verryk met spoorelemente.

Ideaal vir gebruik:

As energie bron waar kaliumvlakke laag is (meer gefokus op die vrug vergroting-fase).

Tydens abiotiese stresstoestande waar kaliumvlakke laag is, veral tydens waterstres toestande (Kalium is betrokke by turgordruk en huidmondjie regulering).

g/kg				
N	P	K	Mg	S
71	117	217	20	29

mg/kg					
Cu	Mn	Zn	B	Mo	Fe
99	1430	1650	1522	130	1587



Qula SuperMag Qula SuperMag is 'n wateroplosbare formulasie wat hoë **magnesium, kalium, swael, boor en molibdeen** bevat.

Ideaal vir gebruik:

Vir aanvulling van magnesium, kalium, swael, boor en molibdeen.

Gewasse met hoë behoefte aan magnesium, swael, boor en molibdeen soos peul- en koolgewasse.

Magnesium speel 'n belangrike rol by optimale fotosintese.

g/kg				
N	P	K	Mg	S
32	58	132	72	104

mg/kg					
Cu	Mn	Zn	B	Mo	Fe
0.15	1.56	1.05	13.84	9.87	3.25

Produkte moet in wetenskaplik-gebaseerde programme gebruik word. Raadpleeg jou **InteliGro** Tegniese Bemaking Spesialis of **InteliGro** Gewas Adviseur vir meer inligting en kundige advies.

KLIEK OF SKANDEER DIE QR-KODE EN BESOEK DIE QULA WEBTUISTE

www.qulafertilisers.co.za

vir meer inligting oor ander produkte in die reeks.





Gideon Hefer

The responsible role of the expert Crop Advisor in agriculture

1. What is the distinguishing factor of a well-trained crop advisor and why is it important?

A well-trained Crop Advisor can contribute to the grower's increased profit per hectare and reduced risks; He/she contributes to the farm's success by using products that are registered and tested, as well as introducing new technology to the grower;

A starting point for the grower is to make sure that the Crop Advisor is registered with Croplife SA;

A responsible crop advisor, and the company to which he/she is connected, ensure that the grower is in the right position to protect the crop. Incorrect products or a faulty spraying program can result in a substantial financial loss for the grower;

The agrochemical market is very competitive and no supplier can afford not to be market-related;

The question is, therefore, actually not what the price is for using a trained Crop Advisor, but the cost if something goes wrong with your crops.

3. Besides crop knowledge, what else should the trained Crop Advisor have to offer the grower?

A good Crop Advisor is a partner in the grower's business. He/she understands the challenges and limitations, and works with the grower to create the best possible solutions. His/her knowledge of the industry, products and environment makes him/her a valuable extension of the grower's own management team

The Crop Advisor is truly a confidant: in English, we call it a Trusted Business Advisor.

2. What are the responsibilities of the Crop Advisor?

A responsible Crop Advisor is knowledgeable on both crops and products.

He/she understands, among other things, the interaction between crop, climate and soil and bases the recommendation on a combination of these factors.

Physical inspections in the field are important and the Crop Advisor should also help the grower to get his/her own monitoring system up to a good standard as part of integrated crop management practices.

The Crop Advisor must advise the grower on the product options, risks and challenges - we do not work with miracle products, and sometimes one can't control some pests effectively.

Finally, the introduction of new products, methods or practices are also important - the Crop Advisor and his/her agrochemical company must be progressive, professional and informed.



4. Why does the grower need the best partner with deep knowledge of agriculture?

Crop and product training is indispensable in setting up a Crop Advisor.

CropLife SA's CPD program provides a foundation for Crop Advisors - however, this is only a start.

Apart from training that Crop Advisors receive from their companies and suppliers, self-study and wider exposure are very important to function as an expert at farm level.



6. Who/what benefits from the responsible, trained Crop Advisor?

Apart from the grower who benefits financially from good spraying programs and recommendations, all stakeholders benefit from farming.

Stewardship begins long before the product is delivered to the farm.

There are many initiatives to promote the responsible use of agricultural chemicals:

- o Training for farm workers on the safe handling of products
- o Calibration of spray pumps
- o Handling of empty cans and expired product
- o Measurement of effective spray deposition

Through the correct use of agricultural chemicals, we achieve food security but also food that is safe for humans and animals.



We must remember that we work with nature and that we are only borrowing it from future generations - we have to deal with it responsibly.

5. Why must the company behind your Crop Advisor be strong, known and knowledgeable?

It is important that a Crop Advisor is affiliated to a well-known agrochemical distributor. The company and its suppliers are responsible for providing regular training so that Crop Advisors remain at the forefront of knowledge, information and technology.

Progressive agrochemical distributors also offer programs that contribute to sustainable agriculture and good stewardship:

- o Spray training clinics
- o Safe handling of hazardous substances
- o Empty container management
- o Involvement in organised agricultural organisations

Progressive agrochemical companies also generate data on products or product combinations through scientific trials. This data is used in the training of Crop Advisors and for the benefit of the grower to offer the best possible solution on the farm.



InteliGro is stepping up to meet the challenges growers face in the field. Since we understand that it all starts on the farm, we are part of every phase in crop production, and together with the grower, we find effective solutions.



Richard Bamberger: IntelGro

Die Wortelsone

'n Produsent se sukses word nie net deur die kwantiteit en kwaliteit van die oeste bepaal nie, maar ook in die volhoubaarheid van die produksiepraktieke. Verskeie plant- en verbouingsfaktore dra by tot die realisering van so 'n suksesvolle oes. Aangesien die wortelstel nie sigbaar is nie, word daar dikwels van die kritiese rol wat hierdie organe in produksie speel vergeet.

Die wortelsisteem is 'n gesofistikeerde orgaan waarbinne verskeie biochemiese prosesse en interaksies met die risosfeer plaasvind. 'n Deeglike kennis van hierdie prosesse en interaksies word benodig om volhoubare opbrengste te laat realiseer.

'n Gesonde wortelstelsel se belangrike funksies

Die wortelstelsel het verskeie funksies waarvan die vernaamste insluit:

- dien as ankers;
- versterk natuurlike weerstand teen biotiese en abiotiese stres;
- dra by tot effektiewe fotosintese;
- vervoer water en voedingstowwe.

Dis egter belangrik om te onthou dat 'n optimaal funksionerende wortelstelsel lei tot 'n groter grond-wortel kontak area. Hierdie laat toe vir effektiewe opname van water en voedingselemente asook meer wortelafskedings. Soos die wortelstel vernuwe en versterk, dra so 'n stelsel direk by tot 'n verhoging van organiese materiaal in die grond. Dit verhoog die grond se waterhou vermoë, verlaag verdamping en het saam met die verhoogde wortelafskedings 'n voordelige effek op mikrobiële aktiwiteit.

Wat benodig 'n plant se wortels?

Wortels benodig struktuur om die plant te anker en te ondersteun. In die natuur dien grond as die ondersteuningstruktuur, maar wortels kan in verskeie mediums groei, of selfs waar geen medium teenwoordig is nie bv: aeroponiese sisteme (Fig3). Genoegsame water, die regte voedingstowwe en beskikbare suurstof is krities tot 'n gesonde wortel stelsel.




Fig 1

Fig1: Nutriënt beskikbaarheid onder sekere pH toestande;
Bron: Building Blocks of the Outdoor Environment; Chad Kennedy, Landscape Architect, ASLA September 2013;
<http://www.odellengineering.com/newsletters/2013-09/2013-09.html>

'n Optimale pH binne die groeimedium veroorsaak dat elemente opneembaar is wat element tekorte in die plant verhoed. Die teenwoordigheid van voordelige mikrobe aktiwiteit in die risosfeer kan 'n beskermings- asook voedingsfunksie verrig. Die stikstofbindende bakterieë rhizobium op sojabone is 'n goeie voorbeeld van so 'n bakterieë. (Fig 2, onder)



Fig 2

Wat is uitdagings en bestuursmoontlikhede?

Grondgedraagte siektes (Fig 4; 5), insekte (Fig 6; 7), aalwurms (Fig 8,9) en grondkompaksie (Fig 10) is van die vernaamste faktore wat verhoed dat 'n wortelstelsel optimaal funksioneer.

Daar is verskeie praktyke om bogenoemde te verminder en selfs te verhoed.



Fig3: 'n Groeistelsel sonder grond of groeimedium. (Bron: Patent 2013/1663 Aeroponic system)

Fig4: Gibberella stamvrot op mielies. (Bron: R.Bamberger)

Fig5: Bakteriële verwelk op tamatieplante. (Bron: R.Bamberger)

